**10 NOVEMBER** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 119:129 - 144**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 119:140**

## UIT GENADE HET JY DIE WOORD ONTVANG

U het vandag die voorreg om die Woord van die Almagtige God te kan oopmaak. Vir sommiges is die Woord egter soos kettings wat hul boei. Hul beleef die Woord as ‘n klomp moets en moenies en God ‘n “slawedrywer”. Vir hulle is daar weinig vreugde te vind in die Woord. In hierdie verse van Psalm 119 kom die digter en wys ons op ‘n ander belewenis of omgang met die Woord. ‘n Beskouing en omgang met die Woord en die God van die Woord wat rykdom, vreugde en hoop bring. Vir die digter is die Woord “wonderbaar” (129), ‘n “lig” (130), waarna hy “verlang” (131), wat hy “lief” (140) het en waarin hy hom verlustig (143). Vir hom is die Woord nie onderdrukkend, maar deur die werking van God, laat dit hom voluit lewe.

U sien, die digter glo en verstaan dat God onder andere sy Woord vir ons gegee het sodat dit goed en reg kan gaan met die wat daarvolgens wandel (133). Sy Woord, deur die werk van die Heilige Gees (135), wil nie onderdruk nie maar wil juis bevry. God het in sy volmaakte regverdigheid, trou en liefde sy Woord aan ons gegee (138). Ja, Uit genade het ons Sy Woord ontvang. Lees en bestudeer dit as verlostes, wat in liefde deur God gelei word op ons lange pelgrimspad!

*Sing: Psalm 119:48* *Ds Henk Stavast (Bronkhorstspruit)*